Die rol van plante in die ekostelsel*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 NATUURWETENSKAPPE

2 Graad 8

3 OMGEWING EN INTERAKSIES

4 Module 34

5 ROL VAN PLANTE IN 'N EKOSISTEEM

5.1 AKTIWITEIT 1:

5.2 Om die rol van plante te identifiseer

5.3 [LU 2.4]

Voltooi die kolom deur òf die beskrywing òf die funksie aan te dui. Voltooi die regterkantste kolom deur van die sketse op die sketsblad op die regte plekke in te plak.

*Version 1.1: Sep 1, 2009 6:40 am -0500
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

FUNKSIE	BESKRYWING	SKETS
Voedsel	....	
Lugfilter	....	
....	Voëls maak nes, insekte lê eiers, predatore en prooi skuil hier	

Figure 1

Kamoeflering	....	
....	Gronderosie word verhoed en vogtigheid word behou	
....	Grond word verryk	

Figure 2

Skryf nou 'n paragraaf van 270 woorde oor die rol van plante in ekosisteme.
Kon jy basiese rolle onderskei?
[LU 2.4]

5.4 Sketsblad aktiwiteit 1



Figure 3

Sketsblad aktiwiteit 2

Figure 4

5.5 AKTIWITEIT 2:

5.6 Om die rol van diere in ekosisteme te bespreek

5.7 [LU 2.2; 2.4; 3.2]

Voltooi die kolom deur óf die beskrywing óf die funksie aan te dui. Voltooi die regterkantste kolom deur van die sketse op die sketsbladsy op die regte plekke in te plak.

FUNKSIE	BESKRYWING	SKETS
Voedsel	....	
Bestuiwing	....	
....	Soogdiere, voëls, muise en insekte versprei sade	
....	Grond word verryk	

Figure 5

Figure 6

Voor- en Nadele van Diere
Is alle diere voordelig vir die omgewing?
Kan diere skadelik wees vir die omgewing?
Skryf die sinvolle aspekte wat deur klaslede genoem word neer.
Assessering van klasbespreking. Kon jy nadele lys? **[LU 3.2]**

6 Assessering

LU 2

Wetenskaplike Kennis

Die leerder ken, interpreteer en pas wetenskaplike, tegnologiese en omgewingskennis toe.

Dit is bewys as die leerder:

2.1 sinvolle inligting kan onthou;
2.2 inligting in kategorieë kan plaas;
2.3 inligting kan interpreteer;
2.4 kennis kan toepas.

LU 3

Wetenskap, die Gemeenskap en die Omgewing

Die leerder is in staat om begrip van die onderlinge verband tussen wetenskap en tegnologie, die samelewing en die omgewing te toon.

Dit is bewys as die leerder:

3.1 wetenskap as ‘n menslike aktiwiteit kan verstaan;
3.2 volhoubare gebruik van die aarde se hulpbronne verstaan.

7 Memorandum

7.1 Aktiwiteit: Rol van plante in 'n ekosisteem

FUNKSIE	BESKRYWING	SKETS
	▸ Plante bou voedsel op wat diere van leef	*Bobbejaan of mielieplant*
	▸ Blare neem koolstofdioksied op en gee suurstof af	*Blaar met pyltjies*
Huisvesting, beskerming		*Boomtakke*
	▸ Bas en blare stel insekte in staat om hulself onopvallend te maak deur bv. kolle en strepe te ontwikkel	*Mot teen boom*
Ankering, verryking van grond		*Plantwortels*
Plantmateriaal keer terug na grond		*Blare op bodem*

Figure 7

Paragraaf oor rol van plante

Oefen die leerder se vermoë om skriftelik te kommunikeer deur die inhou van voorafgaande tabel in paragraafvorm te stel en daarop uit te brei.

7.2 Aktiwiteit: Rol van diere in 'n ekosisteem

FUNKSIE	BESKRYWING	SKETS
	▸ Diere dien as voedsel vir ander diere	*Leeu by sebra*
	▸ Insekte bestuif blomme – vrugte	*Vlinder op blom*
Saadverspreiding	▸ Soogdiere, voëls, muise en insekte versprei sade	*Muis vreet vrug*
Bemesting	▸ Grond word verryk	*Bok-, dassie- of haasmis*

Figure 8

KLASBESPREKING

Kan diere skadelik wees vir die omgewing?

- Ja – veral oorbeweiding lei tot verlies van plante wat lei tot erosie. Uitheemse diere kan skadelik wees aangesien hulle natuurlike vyande nie teenwoordig is nie en hulle getalle dus in so 'n mate groei dat hulle die inheemse diere verdring en oorneem. Dit kan tot die uitroeiing van bepaalde dier- en plantsoorte lei.